STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

1 MAART 2020

# GEMEENTEBULLETIN

LYDENSTYD

**OGGENDDIENS**

Om alles oor te gee

Lukas 21:1-6

**GESINSDIENS**

Om te gee uit niks

Lukas 21:1-6

**DEUROFFER**

MES is 'n Christelike vereniging wat daarna streef om armoede in die stadskern van verskeie stede in die land aan te pak.

## EREDIENSTE

| | | | 1 Maart | | 8 Maart | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Potgieter | 3 | Ds. Ackerman | 4 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Ackerman | 8 | Ds. Breytenbach | 9 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Ds. Breytenbach | - | Ds. Visagie | - |
| 18:00 | Kerk | Relevant | Ds. Ackerman | - | Ds. Duvenhage | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Potgieter | 11 | Ds. Breytenbach | 12 |

## LYDENSTYDPROGRAM

- Woon Sondae se lydensdienste by wat tot die Groot Lydensweek lei.
- Die spesiale lydenstydprogram begin op 1 April. Op Woensdagaande 1 en 8 April kom ons in groepe byeen om 'n Bybelstudiehandleiding te bestudeer. Jy kan by bestaande groepe inskakel, jou eie groep met vriende skep, of by die weeklikse groepbyeenkomste wat in die kleinsaal aangebied word, inskakel. Die handleidings is vanaf 9 Maart @ R20 elk by die kerkkantoor te koop. Navrae: Ds. Potgieter 079 893 8104.
- Nagmaal op Donderdagaand 9 April om 19:00 in die kerk.
- Erediens op Vrydagoggend 10 April om 09:00 in die kerk.
- Paasdiens met nagmaal op Sondag 12 April om 06:15 en 09:00 in die kerk.

## BASAAR — ONS GAAN GROEN

Bring asb. plastiekhouers om wegneemetes in te verpak sodat ons die gebruik van polistireen kan beperk. Jy is ook welkom om jou eie eetgerei en borde in 'n piekniekmandjie saam te bring.

## BELYDENISAFLEGGING

Die volgende jongmense gaan vandag tydens die oggend- en jeugdiens hulle geloof bely. Ons verwelkom hulle graag as belydende lidmate van Stellenberg-gemeente.

Kyle Barnard, Werner Basson, Ruan Bastiaanse, Dané Bester, Marthinus Botes, Werner Bredell, Chloé Britz, Lynn-Marí Brooks, Simone Carstens, Zoë Compion, Dirk Crafford, Daan-Louw de Swardt, Malan du Preez, George Ferreira, Romano Fourie, Jaime Fowler, Reece Frye, Corné Geldenhuys, Hanru Hänni, Paul Heyns, Anienke Hugo, Leigh Jansen, Inge Kitching, Handré Kotze, Brandon Kriel, Zilke Kühn, Ané Louw, Jacques Louw, Lynné Luus, Melissa Malan, Carlo Marais, Roux Marais, Hilke Minnie, Martine Müller, Niel Nelson, Khara Odendaal, Kyle Martin Oosthuizen, Connor Pretorius, Hein Roelofse, Jonathan Skippers, Handré Smit, Nicolene Smuts, Ciska Snyman, Lara Thiart, Christoph van Aswegen, Jacques van den Berg, Mikayla van der Merwe, Hybre van der Vyfer, Nadine van Nieuwholtz, Carlé van Wyk, Jaco van Zyl, George Vivier, Carla Vlok, Alec Wasserfall, Chrisli Zaayman.

## DOOP VANDAG

- Pieter en Stephanie Ackerman, Taraweg 36, laat doop vir Anmari Ackerman.
- JG en Charindie de Villiers, Montaguestraat 9, laat doop vir Anlia Sophia de Villiers.
- Callie en Marisa Vermeulen, Suikerbosstraat, Protea Village, laat doop vir Petrus Carel Vermeulen.

## STIL-RETRAITE IN WELLINGTON

Stil-retrait in Wellington vanaf 13 tot 14 Maart. Ons retraite is weer by die Andrew Murray-sentrum op Wellington. Ons ontmoet mekaar Vrydagaand en sluit af met nagmaal Saterdagmiddag. Totale koste vir verblyf en etes beloop R570 per persoon. Besprekings by Karin, 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Jeuglokaal

Graad 2 en 3: Kleinsaal

Graad 4 - 6: Grootsaal

Graad 7: Bovertrek

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Kom op 2 Maart om 09:30 in die markplein bymekaar.

### PAASFEESKOOR

Die Paasfeeskoor gaan op Dinsdagaande om 18:30 in die kerk oefen. Dankie aan almal wat betrokke geraak het.

## OUERSKAP #102

Daar is geen handleiding, of graadkursus, om jou op ouerskap voor te berei nie. Ds. Jan van Zyl, leraar en betrokke by Stellenbosch Moedergemeente se familiebediening, kom deel op Sondag 15 Maart om 10:00 in die kerk praktiese riglyne oor hoe 'n mens ouerskap positief kan benader. Geen besprekings is nodig nie en toegang is gratis.

## *DATE NIGHT* — VERHOUDINGSKURSUS

*Date night* is 'n verhoudingskursus wat oor vier weke op Donderdagaande om 18:30, strek. Julle kan al vier byeenkomste, of net een, of twee in die reeks bywoon. Kom sit saam met jou maat aan tafel, geniet 'n bord kos en glas wyn en bespreek relevante verhoudingskwessies met mekaar. Kinderoppassers is in die grootsaal beskikbaar. Die koste vir die hele kursus is R200 per paartjie, of R100 per week. Bespreek julle plek by Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Ons vier op Donderdag 5 Maart om 19:00 die Wêreldbiddag vir Vroue in die kapel. Die tema: Staan op, neem jou slaapmat en loop. Prediker: Ds. René Potgieter.

## LEEF IN VOLKLEUR – VROUEAAND

Vroue word uitgenooi na 'n vroueaand op Donderdag 12 Maart vanaf 19:00 tot 21:00 in die kleinsaal. 'n Ligte ete word bedien en die bekende spreker en skrywer, Lynette Beer, kom gesels oor hoe jy 'n lewe in volkleur kan lei. Sy gaan die vierkleurige temperamentmodel wat sy ontwikkel het, verduidelik. Die model bemagtig mense om hulle hoogste potensiaal op persoonlike en professionele vlak te bereik. Koste: R200 per persoon. Besprekings by Karin: 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za.

## HUISGELOOF VIR GESINNE

Gesinne kan weekliks Bybelstudiedagstukkies wat vir huisgodsdiens benut kan word, van die webwerf aflaai. Besoek www.stellenberg.co.za.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 5 Maart om 15:00 en 15:45 uit Spreuke 18: Onwyse optrede wat ongelukkigheid veroorsaak.

### HUISBYEENKOMS

Sondag 1 Maart 18:00 Psalm 91: Omdat Ek jou liefhet!

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.

## TIENDEMAANDINSAMELING

Ons insameling het op 29 Februarie gesluit en ons is dankbaar vir die bedrag van **R1 357 210** wat ingesamel is. Ons mikpunt was R1 850 000 wat ons met 'n tekort van R 492 790 laat. Baie dankie aan elke lidmaat wat tot die insameling bygedra het. Dié fondse word slegs vir gemeentewerksaamhede aangewend.

## VATVYF

Die uitstappie na die Villiera-wynplaas in Stellenbosch op Woensdag 4 Maart om vonkelwyne saam met 'n verskeidenheid nougat te proe, is vol bespreek. Bussies vertrek om 08:30.

## BESOEK AAN KHAYELITSHA-GEMEENTE

Ons woon vanoggend 'n erediens in die Khayelitsha-gemeente by. Vertrek om 10:00 vanaf die parkeerarea voor die markplein. Navrae: ds. Why Duvenhage 082 570 5931.

## BYBELSKOOL

**Hoe is God vandag by ons? Die aartsvaderverhale.**

Die aartsvaderverhale in Genesis 12 - 50 vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld, te midde van korrupsie, familiekrisisse, ekologiese rampe, asook politieke en ekonomiese onsekerheid, geraak het. Kom reis in die vyfweekkursus saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Datums: Dinsdag 14, 21, 28 April, asook 5 en 12 Mei. Tyd: 19:00-20:30. Koste: R30. Inskrywing by Karin Barter 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za

## GEMEENTE-/FINANSIËLE BESTUURDER

Die gemeente beskik oor 'n vakature vir 'n senior bestuurspersoon verantwoordelik vir personeel, asook bate- en finansiële be-stuur. Tersiêre finansiële kwalifikasie asook bewese ondervinding is vereistes. Diensaanvaarding: 1 Mei 2020. Stuur volledige CV voor 19 Maart om 12:00 na stellenberg@stellenberg.co.za. Die posbeskrywing kan ook by die e-posadres aangevra word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

STELLENBERG-GEMEENTE

SNAPSCANKODE